

# STREEPSTELLETJIE



**BENODIGDHEDE:** Red Heart Baby-vierdraadgaring, (100-g-uittrekstringe).

**Truitjie en mus:** 100 g van 'n ligte kleur (L) en 100 g van 'n bypassende donkerder kleur (D); breinaalde van 3 mm en 3,50 mm; rondbreinaald van 3,50 mm, 40 cm lank; 1 stel van 4 tweepuntbreinaalde, 3 mm dik; rekgaring.

**MATE:** Truitjie: Om borsmaat van 51(53,5; 56) cm te pas; lengte 26(30; 34) cm; mounaat 18(21; 24) cm. Mus: 45 tot 49 cm in omtrek.

**SPANNING:** 23 ste en 40 rye = 10 x 10 cm oor patroonsteek met 3,50-mm-breinaalde.

**AFKORTINGS:** r - brei regs; aw - brei aweregs; st(e) - steek (steke); vermeer - vermeerder; vermin - verminder; beg - begin; RK - regte kant; VK - verkeerde kant; grtgo - glip een steek, brei een steek regs, trek glipsteek oor; gl - glip; alt - alternatiewe; tes - tesame; vlg - volgende; oorbl - oorblywende; herh - herhaal; rif - riffelsteek (een steek regs, een steek awe-regs deurgaans); ks - koussteek (= een ry regs, een ry aweregs); rs - reksteek (elke ry regs); pat - patroon.

**STREEPPATROON:** Brei 2 rye regs met D, r 1 ry met L, aw 1 ry met L; herh deurgaans.

## TRUITJIE

**VOOR- EN AGTERPANT (eenders):** Stel 59(62; 65) ste op met 3-mm-breinaalde en L, brei 7 rye rif.

**Vermeer-ry:** Brei 3(4; 6) rif, vermeer, (rif 3, vermeer) 13 keer, rif 3(5; 6) — 73(76; 79) ste. Slaan oor na 3,50-mm-breinaalde en brei

17(20; 23) rye pat, eindig met 'n D-streep.

**Mousgatvorming:** Heg 6 ste af aan beg van vlg 2 rye, plaas oorbl 61(64; 67) ste op 'n reserwenaald.

**MOUE:** Stel 37(39; 41) ste met 3-mm-breinaalde en L op en brei soos agterpant, 7 rye rif.

**Vermeer-ry:** Brei 0(1; 2) rif, (rif 2, vermeer, rif 1, vermeer) tot laaste 2(3; 4) ste; rif tot einde — 51(53; 55) ste bly oor.

Slaan oor na 3,50-mm-breinaalde, brei 18(21; 24) cm pat, eindig met 'n D-streep.

**Moukopvorming:** Heg 6 ste af aan beg van vlg 2 rye, plaas oorbl 39(41; 43) ste op 'n reserwenaald.

**SKOUERSTUK:** Met RK van al die pante voor: plaas eerste 30(31; 33) ste van agterpant op 'n reserwenaald, en met D en rondbreinaald, brei oorbl 31(33; 34) ste van agterpant, 39(41; 43) mousteke, 61(64; 67) voorpantsteke, tweede stel mousteke, tweede stel agterpantsteke vanaf reserwenaald — 200(210; 220) ste op breinaald. Plaas 'n-merker aan begin van rondtes.

**1e rondte:** Brei aw met D.

**2e en 3e rondte:** Met L, brei regs.

**4e rondte:** Met D, brei regs. Dié 4 rye vorm die patroon.

Brei nog 3(7; 7) rye pat.

**Vermin-rondte:** Met D, (r2tes, r8) tot einde.

Brei nog 7(7; 11) rondtes pat.

**Vermin-rondte:** Met D, (r2tes, r7) tot einde.

Brei nog 7 rondtes pat.

**Vermin-rondte:** Met D, (r2tes, r6) tot einde. \*Brei nog 3 rondtes.

**Vermin-rondte:** Met D, (r2tes, r5) tot einde van rondte\*.

Herh van \* tot \* nog een keer, maar brei r4 i.p.v. r5 in laaste rondte — 100(105; 110) ste bly oor.

Brei dan 1 rondte aw met D, vermin 1 st, slegs aan einde van 2e grootte; die ander twee is sonder vermindering.

Slaan oor na die stel van vier tweepunt-breinaalde (3 mm) en brei voort met L: 1 rondte r, dan 12 rondtes r1, aw 1; heg lossies af in rif.

**AFWERKING:** Werk nate onder die arm asook sy- en mounate toe. Vou halsstrook in helfte na verkeerde kant om en glipsteek vas.

## MUS

**AANWYSINGS:** Met 3-mm-breinaalde en L, stel 101(111) ste op. Brei 13 rye rif.

**Vermeer-ry:** Vermeer in 1e st, (rif 4, vermeer in vlg st) tot einde — 122(134) ste.

Slaan oor na 3,25-mm-breinaalde en pat, soos agterpant van truitjie, tot werk 17(18) cm lank is. Eindig met 'n volledige L-streep.

**Vermin-ry:** Met D, r2tes, (r1, r2tes) tot einde.

Brei 3 rye pat.

**Vermin-ry:** Met D, r1, (r2tes) tot einde.

Herh die laaste 4 rye nog 2 keer.

Brei 1 ry met D.

Knip garing af, ryg deur oorbl ste, trek goed vas en werk af.

Werk agterste naat toe.

Vou riffel in helfte na verkeerde kant om en glipsteek vas.